# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

Januarie 2022



Andalusian Portuguese Tumbler

*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## Indeks / Index

| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 2 |
| Kosie se geskenk - Simon Jordaan | 3 |
| Modena Klub Nuus - Jan Kamfer | 3 |
| The Krasnodarer Tumbler - Simon Jordaan | 4 |
| Genetics 101 - 3 - Charl Cillie | 5 |
| Norwich Kropper deel 5 - Ds Renier Lee | 10 |
| Sponsduif Prestigeskou - Ds Hennie Hattingh | 17 |
| Portuguese Tumb aanlynskou - Shaun Smeda | 18 |
| Can birds take CBD oil - Simon Jordaan | 19 |
| Scoreboard and Rules | 22 |

### Deaths / Oorlede

**Will you please keep the following member/s family and friends in your prayers / Sal U asseblief die volgende lede se familie en vriende in julle gebede hou.**

Corrie Oosthuizen - Noord-van-die Vaalstreek
Barnard Steyn - Wes-Kaapstreek

## Birthdays

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| K052 | - | Martin Grobbelaar | - | 03-Feb |
| J028 | - | Deon Bence | - | 04-Feb |
| D049 | - | Huntyr v Deventer | - | 04-Feb |
| G043 | - | Johandri Swanepoel | - | 05-Feb |
| B061 | - | Pedri Meyer | - | 06-Feb |
| G021 | - | Rodney Stevens | - | 08-Feb |
| K061 | - | Mike Schanknecht | - | 07-Feb |
| V008 | - | Sjaan Hamman | - | 09-Feb |
| S002 | - | Pikket Coetzee | - | 13-Feb |
| N025 | - | Bruce Sandison | - | 16-Feb |
| V057 | - | Willem Nel | - | 17-Feb |
| K019 | - | Jan Myburgh | - | 18-Feb |
| W063 | - | Jan Swanepoel | - | 19-Feb |
| N015 | - | Jocelyn Dent | - | 20-Feb |
| B028 | - | Michiel Jansen | - | 21-Feb |
| V058 | - | Carla Jacobs | - | 21-Feb |
| B087 | - | Stephine Ferreira | - | 22-Feb |
| N043 | - | John Mowat | - | 22-Feb |
| K003 | - | Robin Prince | - | 24-Feb |
| G003 | - | Esjay Visser | - | 26-Feb |
| B008 | - | Hennie Bosman | - | 27-Feb |
| W005 | - | Fourie Cronje | - | 27-Feb |
| G046 | - | Johan Britz | - | 28-Feb |
| C003 | - | Danika du Preez | - | 28-Feb |



## *Redakteur/ Editor*

***Cora Munnik***

Goeie dag aan almal. Ek vertrou julle het almal 'n wonderlike feesgety gehad en dat almal uitsien na die skoue hierdie jaar.

Ons sal ook hierdie jaar probeer om meer skoue by te woon as wat ons die afgelope sewe jaar gedoen het.

Daar is net 'n sakie wat ek graag van my hart wil kry, en dit gaan oor die poste in die SASV, neem jou klagte na die regte persoon. Dit help nie jy het 'n klagte oor beoordeling en jy praat met die redakteur nie want jy sal nie die regte antwoorde kry nie en hy/sy moet dan jou vraag na die regte persoon deurgee. Maak asseblief seker watter persoon die regte persoon vir jou navraag is. As jy iets van die Sierduif publikasie wil weet, praat met my en nie met twee of drie UK lede wat nie weet wat aangaan nie.

Asseblief - ek wag vir bydraes van die lede. Almal moet asseblief hul kant bring sodat daar genoeg leesstof is. Baie dankie an die wat gehoor gee aan my pleidooi.

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club ·

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020

***Soos 'n blom die son nodig het om blom te word het die mens Liefde nodig om mens te word..***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Kosie se geskenk*

***Ingestuur deur Simon Jordaan***

‘n Welgeklede vrou spreek Kosie na die oggenddiens direk aan. “Jy is Kosie Jordaan nê. Jy is op ons kerklys om Vrydagaand se Kersboom by te woon.” Vol blydskap draai Kosie na haar toe. “En my sussie Rita? Sy is siek in die bed maar sy sal Vrydagaand gesond genoeg wees.” “Ons neem net een kind per huis” antwoord die vrou kortaf en stap weg.

Kosie gaan terug huis toe en loop diep ingedagte met die nou vuil trap op na die woonstelletjie toe waar hy saam met sy ma en sy sussie Hanna woon.

Die Vrydagaand woon hy die Kerspartytjie by. Dik geëet en lekker saam met die maats gespeel word dit uiteindelik tyd vir geskenke uitdeel. Aan die voet van die versierde boom lê ’n hoop geskenke.

Lank voor sy beurt weet Kosie reeds wat alles daar lê. Soveel mooi goed! Wat sal ’n seuntjie wat niks het, nie tog alles kan kies nie...en...elkeen kry net een geskenk.

Dieselfde tannie wat hom na die partytjie toe genooi het roep hom nader en vra wat hy wil hê. Kosie antwoord: “Graagste tannie wil ek die rooi brandweerwa hê maar as tannie nie omgee nie vat ek asseblief liewer die pop.” Dit lyk of sy verstaan en sonder ’n woord gee sy vir hom die pop.

’n Gekoggel en gespot breek uit van die ander kinders se kant af. “Kosie speel pop! Kosie is ’n meisietjie!” Rooi in die gesig neem hy sy present en onder gelag gee hy pad huis toe.

’n Rukkie later is Kosie in die donker kamertjie waar Rita lê. “Ek is so bly jy het gekom” groet Rita met verlepte ogies. “Was dit lekker? Wat het jy toe gekry.?” Sonder ’n woord sit Kosie die groot pop langs haar neer. Sy gaan penregop op die bed sit en staar met blink oë na die pop. “Is dit vir my?” roep sy. “O Kosie is dit myne?” skreeu sy behoorlik. Ou Kosie begin glimlag. Hy het so swaar die brandweerwa prys gegee en moes toe nog onder ’n gespot deurloop.

Dinge het vir hom regtig swaar geword maar noudat hy Rita se blydskap sien is dit lekker. Dit word sommer so warm in sy hart.

Daar is ‘n klop aan die deur. Dis weer die tannie van die kerk. “Kosie” sê sy , “ek kom net sê hoe jammer ek is die kinders het jou so geterg. Toe jy weg is het ek hulle vertel hoekom jy die pop geneem het. Almal is toe jammer en skaam en hulle het gevra ek moet dit vir jou bring.”

Sy sit ’n pakkie op die rakkie langs die deur neer. Voor sy met die trap afgaan sien Kosie hoe sy met haar hand oor haar oë vee. Versigtig maak Kosie die pakkie oop. Hy gee een lang fluit. In sy hande hou hy die rooi brandweerwa.

Kosie het ’n dubbele geskenk ontvang. Die brandweerwa wat hy begeer het en die blydskap dat hy eerste aan sy sussie gedink het.

Stel ons ander eerste in ons lewe, of dink ons net aan onsself? Is ons bereid om die minste te wees, op te offer, om te gee, te deel?

Kom ons stel dit op die proef.

Wees goed vir ander, deel, gee om, help, ondersteun en kyk hoe Jesus jou seën.

---



Die Suid Afrikaanse Modena Klub

Hallo aan al ons duiwe vriende.

Die Modena spes klub wens vir elke lid van die SASV ‘n baie voorspoedige nuwe jaar toe. Die jaar wat verby is het groot uitdagings gehad en sonder twyfel bring 2022 sy eie kwota van sweet, trane en ook baie lag. Die Modena telers sien uit na ‘n jaar waar ons nuwe vriendskappe kan bou en ou vriendskappe weer kan optel en laat herleef.

Die Modena spes klub het uit die sof opgestaan wat die covid pandemie soos n winters kombers oor hom gegooi het. Die speelveld is verewig ve-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

rander tog beoog ons om in 2022 n aktiewe jaar te he. As als goed gaan sal daar n Modena prestige skou gehou word tesame met die Vrystaat streekskou. Ons het klaar die telers weer in kontak met mekaar gebring en daar heers ‘n groot gees en optimisme onder die klub lede. Ons glo dat daar groot getalle Modenas die jaar geskou gaan word en met die uitsonderlike kwaliteit duiwe wat in Suid-Afrika is sal daar defnitief ‘n paar top 7 plasings op die skoue wees. Ons sien baie uit na die Suid-Afrikaans kampioenskappe wat in die Wes-Kaap gehou gaan word.

Sterkte aan die SASV se UK met die jaar wat voorlê en met al die besluite en reëlings wat die jaar oor julle paaie gaan kom. Sterkte vir elke lid wat duiwe op die skoue gaan vertoon, mag die beste duiwe wen, maar dat positiewe menseverhoudinge sal seëvier bo alles.

Groete

Modena Spes Klub

Jan Kamfer 083 301 8448
Johan Van Eden 083 938 4896
Seppie Esterhuysen 082 559 1132
Hienrich Moldenhauer 078 380 5940



**The Krasnodar Tumbler**

**Taken from the Pigeon**
**Submitted by Simon Jordaan**

The Krasnodar Tumbler – also known by the names: Culbutant de Krasnodar, Krasnodarer Tümmler, Capitombolante in Krasnodar, Краснодарскийтурман – are varieties derived from Krasnodar, a region in the northern Black Sea, Russia, 18. Varieties belonging to this Tumbler Pigeons type, apparently have not been widely cultivated, so it is still classified as less well known internationally. This variety has good flying ability, although its development is also directed to create



a good look.

The breed was bred relatively recently, but it is already very popular among pigeon breeders. Among birds, there are two main lines: one - long-billed, originates from Iran, the other, short-billed, from Turkey.

The plumage is predominantly red, yellow, white or marbled. On the legs there are short but fluffy feathers.
Birds cannot yet boast of special flying qualities, usually they rarely stay in the air for more than an hour. But the exit to the post, and the fight with somersaults are done pretty well. Breeders continue to improve the breed, but still pay more attention to the decorative characteristics of pigeons.







***Genetics 101***
***3. Dilution series***
***Normal(D^+)***
***Pale(d^p)***
***Dilute(d)***
***Extreme***
***Dilute(d^ex)***

***Charl Cillie***

The dilution series is sex-linked, so it works the same as the base colour. Normal is 0% reduction in colour. Pale is a 25% reduction in colour but is not easily recognised in blue and brown. Dilute is a 50% reduction in colour. Extreme dilute is a 75% reduction in colour, it is a little difficult to distinguish between the different colour extreme dilutes.

Pale x Ash red = Orange, Pale x Blue = Pale Blue, Pale x Black = Dark Dun, Pale x Brown = Drab, Pale x Res red = Gold, Dilute x Ash red = Cream, Dilute x Blue = Silver, Dilute x Black = Dun, Dilute x Brown = Khaki, Dilute x Res red = Yellow, Extreme Dilute x Ash red = Beige, Extreme Dilute x Blue = Lemon, Extreme Dilute x Black = Butterscotch, Extreme Dilute x Brown = Tan, Extreme Dilute x Res red = Ivory

**Dilution series**

| **Male** | **Female** | **Male chick** | **Female chick** |
|---|---|---|---|
| Normal | Normal<br>Normal | 100% | 100%<br>Normal |
| Normal | Pale | 100%<br>Normal<br>d. Pale | 100%<br>Normal |
| Normal | Dilute | 100%<br>Normal<br>d.<br>Dilute | 100%<br>Normal |
| Normal | Extreme<br>Dilute | 100%<br>Normal<br>d. ex<br>Dilute | 100%<br>Normal |
| Pale | Normal | 100%<br>Normal<br>d.Pale | 100%<br>Pale |
| Pale | Pale | 100%<br>Pale | 100%<br>Pale |
| Pale | Dilute | 100%<br>Pale d.<br>Dilute | 100%<br>Pale |
| Pale | Extreme<br>Dilute | 100%<br>Pale d.<br>ex<br>Dilute | 100%<br>Pale |
| Dilute | Normal | 100%<br>Normal<br>d. | 100%<br>Dilute |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Dilute | |
| Dilute | Pale | 100% Pale d. Dilute | 100% Dilute |
| Dilute | Dilute | 100% Dilute | 100% Dilute |
| Dilute | Extreme Dilute | 100% Dilute d. ex Dilute | 100% Dilute |
| Extreme Dilute | Normal | 100% Normal d. ex Dilute | 100% Extreme Dilute |
| Extreme Dilute | Pale | 100% Pale d. ex Dilute | 100% Extreme Dilute |
| Extreme Dilute | Dilute | 100% Dilute d. ex Dilute | 100% Extreme Dilute |
| Extreme Dilute | Extreme Dilute | 100% Extreme Dilute | 100% Extreme Dilute |
| Normal d. Pale | Normal | 50% Normal 50% Normal d. Pale | 50% Normal 50% Pale |
| Normal d. Pale | Pale | 50% Normal d. Pale 50% Pale | 50% Normal 50% Pale |
| Normal Normal | Dilute | 50% Normal d. Dilute 50% Pale d. Dilute | 50% Normal 50% Pale |
| Normal d. Pale | Extreme Dilute | 50% Normal | 50% Normal d. ex 50% |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Dilute 50% Pale d. ex Dilute | Pale |
| Normal d. Dilute | Normal | 50% Normal 50% Normal d. Dilute | 50% Normal 50% Dilute |
| Normal d. Dilute | Pale | 50% Normal d. Pale 50% Pale d. Dilute | 50% Normal 50% Dilute |
| Normal d. Dilute | Dilute | 50% Normal d. Dilute 50% Dilute | 50% Normal 50% Dilute |
| Normal d. Dilute | Extreme Dilute | 50% Normal d. ex Dilute 50% Dilute d. ex Dilute | 50% Normal 50% Dilute |
| Normal d. ex Dilute | Normal | 50% Normal 50% Normal d. ex Dilute | 50% Normal 50% Extreme Dilute |
| Normal Dilute | Pale | 50% Normal d. Pale 50% Pale d. Dilute | 50% Normal 50% Extreme Dilute |
| Normal d. ex Dilute | Dilute | 50% Normal d. Dilute 50% Dilute | 50% Normal 50% Extreme Dilute |

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | d. ex<br>Dilute | |
| Normal<br>d. ex<br>Dilute | Dilute | 50%<br>Normal<br>d.<br>Dilute<br>50%<br>Dilute<br>d. ex<br>Dilute | 50%<br>Normal<br>50%<br>Extreme<br>Dilute |
| Normal<br>d. ex<br>Dilute | Extreme<br>Dilute | 50%<br>Normal<br>d. ex<br>Dilute<br>50%<br>Extreme<br>Dilute | 50%<br>Normal<br>50%<br>Extreme<br>Dilute |
| Pale d.<br>Dilute | Normal | 50%<br>Normal<br>d. Pale<br>50%<br>Normal<br>d.<br>Dilute | 50%<br>Pale<br>50%<br>Dilute |
| Pale d.<br>Dilute | Pale | 50%<br>Pale<br>50%<br>Pale d.<br>Dilute | 50%<br>Pale<br>50%<br>Dilute |
| Pale d.<br>Dilute | Dilute | 50%<br>Pale d.<br>Dilute<br>50%<br>Dilute | 50%<br>Pale<br>50%<br>Dilute |
| Pale d.<br>Dilute | Extreme<br>Dilute | 50%<br>Pale d.<br>ex<br>Dilute<br>50%<br>Dilute<br>d. ex<br>Dilute | 50%<br>Pale<br>50%<br>Dilute |
| Pale d.<br>ex<br>Dilute | Normal | 50%<br>Normal<br>d. Pale<br>50%<br>Normal<br>d. ex<br>Dilute | 50%<br>Pale<br>50%<br>Extreme<br>Dilute |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pale d. ex Dilute | Pale | 50% Pale 50% Pale d. ex Dilute | 50% Pale 50% Extreme Dilute |
| Pale d. ex Dilute | Dilute | 50% Pale d. ex Dilute 50% Pale d. Dilute | 50% Pale 50% Extreme Dilute |
| Pale d. ex Dilute | Extreme Dilute | 50% Pale d. ex Dilute 50% Extreme Dilute | 50% Pale 50% Extreme Dilute |
| Dilute d. ex Dilute | Normal | 50% Normal d. Dilute 50% Normal d. ex Dilute | 50% Dilute 50% Extreme Dilute |
| Dilute d. ex Dilute | Pale | 50% Pale d. Dilute 50% Pale d. ex Dilute | 50% Dilute 50% Extreme Dilute |
| Dilute d. ex Dilute | Dilute | 50% Dilute 50% Dilute d. ex Dilute | 50% . Dilute 50% Extreme Dilute |
| Dilute d. ex Dilute | Extreme Dilute | 50% Dilute d. ex Dilute 50% Extreme Dilute | 50% Dilute 50% Extreme Dilute |

***Die lewe is nie waar jy is nie, maar waarnatoe jy beweeg***



## *NORWICH KROPPER*

***Ds. Renier Lee 2020/21***

Hoofstuk 5

Kom ons ontleed nou die beoordeling van die Norwich Kropper. Ek het reeds in die vorige hoofstuk begin praat oor beoordeling en die twee hoofstukke moet saam gelees word. Waar oorvleueling voorkom is dit juis omdat beoordeling van ons kampioene baie belangrik is. Eerstens onthou dat jy as Beoordelaar aangestel is en dat jy in beheer is. Jy is in beheer van elke duif, in beheer van elke helper en in beheer van elke vertoner of belangstellende. Wees dus netjies, verkieslik in ’n mooi skoon wit oorjas, sonder sigarette in die mond of ‘n glasie alkohol in die hand. Hanteer almal onder jou beheer met respek, eerlikheid en regverdigheid. Weerhou jou van afbrekende kommentaar en kritiek.

Tweedens onthou dat daar geen diskwalifikasie in die standaard van die Norwich Kropper voorkom nie. Derdens gee elke duif ‘n regverdige kans en beoordeel altyd positief. Soos ons vorder met die hoofstukke oor beoordeling sal u agterkom wat ek bedoel met positiewe beoordeling en positiewe kommentaar. Moet nie met vertoners praat terwyl jy besig is met ‘n klas nie. Kom ons stop ook die gebruik, wat die laaste paar jaar in ons beoordeling ingekruip het, waar vertoners toegelaat word om hul eie duiwe aan te por. Iemand het eendag vir my gesê dat Warren Klopper gesê het dat dit so gedoen kan word met ander woorde ‘n vertoner mag sy eie duiwe aanpor. Enigeen wat dit sê het nie vir Warren Klopper geken nie. Mense wat beweer dat Warren Klopper so gesê het wil ek verwys na ‘n foto wat gepubliseer is in die Sierduif van Augustus, 1982, bladsy 29 waar Warren die Norwich Kropper beoordeel en waar dit duidelik is dat Warren self met die duif praat terwyl al die vertoners en belangstellendes op ‘n afstand staan.

By Alex Ravenscroft was niemand naby die loophok toegelaat nie en selfs sy helper het op ’n afstand gestaan. Vra my want ek was ook ‘n helper by hom. Netso het al die Kropperbeoordelaars waarmee ek baie te doen gehad het, nooit toegelaat dat vertoners hul eie duiwe aanpor of selfs by die loophok staan nie. Dit het baie moontlike vure dadelik in die kiem gesmoor. Selfs by duiwedae in die sewentigs en tagtigs was niemand toegelaat om enige opmerking te maak terwyl beoordeling aan die gang is nie. Die beoordelaar het ‘n wyfie wat reeds beoordeel was EN NIE haar klas gewen het nie, gebruik om voor die mannetjies heen en weer te beweeg om hulle opgewonde te maak. Mannetjies wat so afgerig is sal dadelik reageer as hy die wyfie voor hom sien.

Net vir interessantheid moet ek vir u noem dat in Europa, Kroppers nie in ‘n loophok beoordeel word nie maar afsonderlik een, een in hul hokkies, op ‘n punte sisteem. Beoordelaar mag vra vir ‘n loophok in moeilike gevalle en hy mag wel ‘n wyfie gebruik om mannetjies op te kikker maar dit gebeur




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

in uitsonderlike gevalle. Geen vertoner word naby 'n beoordelaar toegelaat nie en slegs die helper is daar maar antwoord net as die beoordelaar 'n vraag vra. In Britanje word die loophok gebruik en is die beoordeling soos by ons. By beide beoordeling lewer die beoordelaar sy kommentaar na elke klas en geen verder bespreking word toegelaat nie. Daar is gedurig 'n aangestelde klublid wat seker maak dat daar by hierdie reëls gehou word. Bespreking tussen beoordelaars en vertoners vind plaas nadat die beoordeling afgehandel is.

Terug by die beoordeling. Maak seker dat jy die standaard ken. In Amerika met die stigting van die Norwich Kropperklub in 1968 het die klublede die standaard aangepas. In Suid Afrika het ons by die stigting van die Norwich Kropperklub steeds by die oorspronklike standaard gebly. Met die vertaling van alle standaarde in Afrikaans, het ek in opdrag van die Uitvoerende Komitee 1981, gehou by die land van herkoms se standaard vir elke ras. Meer as 80 standaarde het ek in Afrikaans vertaal en is die standaarde in totaliteit deur die Uitvoerende Komitee aanvaar en in die daaropvolgende jaar is die Afrikaanse standaarde gedruk en versprei. Die Norwich Kropper se standaard was vertaal sonder enige verandering aan die oorspronklike standaard.

Jy is in beheer en dus moet jy seker maak dat jy genoeg loophokke tot jou beskikking het veral by groot klasse. Hanteer duiwe versigtig en so min moontlik. Maak seker dat jou helper NET EEN duif op 'n keer, versigtig hanteer. Stel self vas of elke duif skoon is van parasiete en of die veerkwaliteit na wense is. Kyk ook na skewe borsbene wat by verskeie rasse 'n fout is. Dit is nie die helper se taak nie al is jy aan tyd gebonde. Maak seker dat duiwe in die regte klasse ingeskryf is. Na elke klas beoordeel is maak seker dat alle inligting sorgvuldig ingevul is. Gee jou helpers genoeg tyd om duiwe na beoordeling weer terug in hul onderskeie skouhokkies te sit en om die pryse op die hokkaarte te plak.

Jare gelede het ons 'n sisteem gebruik waarvolgens jy jou duiwe ingeskryf het lank voor die skoudatum. Die skoubestuur het dan, soms 'n naweek en soms langer geneem om al hierdie inskrywings in nommer volgorde, volgens klas inskrywing, oor te skryf. Rekenaars was daar nie. Alle telers se duif in klas een is onder mekaar geskryf. Sou alle duiwe in klas een klaar is, is begin met klas twee en daarna elke klas totdat alle klasse klaar ingeskryf is. U kan uself dus voorstel watse konsternasie daar was as daar 'n laat inskrywing was of as 'n inskrywing iewers per abuis uitgelaat is, veral as jy reeds by duif 2006 is en die inskrywing wat nou laat is moes by klas 10 ingeskryf gewees het as die veertigste duif. Dit het beteken dat jy vanaf duif veertig alles moes aanskuif tot by duif 2006 voordat jy eingsins verder kon gaan. Sodra jy al jou inskrywings, presies so in volgorde, volgens klasnommers geskryf het, het die groot werk begin. Elke inskrywing moes nou 'n aluminium ring kry met 'n nommer. Hierdie ringnommer moes nou gekoppel word aan die hoknommer en volgens hierdie nommer is jou duif in sy hok geplaas. Die voltooide inskrywingsvorm met aluminiumringe is dan aan die vertoner gepos.

Die aluminium ring moes tuis deur die vertoner om sy duif se been vasgeknip word. Sal ek ooit die aand by oom Charl en tant Cecily se huis vergeet, in aanloop tot die 1968 Kampioenskapskou in Johannesburg, toe my vriend Dawid Malan so teen 4uur die oggend die tafel met die finale rangskikking van al die inskrywings en aluminium ringe omstamp en ons alles moes oordoen. Ek was die jongste en skielik was ek die nuwe skoubestuurder. Hier het ek besef dat daar 'n makliker manier moet wees. Die sisteem wat ons nou op die oomblik in SA gebruik het ek 'n paar jaar later in werking gestel tydens Transvaal se Jongduifskou. Lou Brits was toe ook betrokke en hy was beindruk met die makliker en goedkoper metode wat ek voorgestel het. Vandag sit ek nog met duisende aluminiumringe wat nooit weer gebruik is nie omdat die nuwe sisteem landwyd in gebruik geneem is en ons steeds die inskrywings op hierdie maklike en goedkoop manier hanteer.

As beoordelaar moet jy weet dat jy in 'n bevoorregte posisie is. Terselfdertyd moet jy die taak met groot verantwoordelikheid aanpak. Kom ons kyk na klein foute by die Norwich Kropper maar wat by sommige beoordelaars gelykstaande is aan diskwalifikasie. Ek moet egter eers weer Douglas McClary aanhaal in sy boek bl 113 "I am allways saddened to find judges who tend to "fault-judge´by happily discarding birds they can fault in some minute detail, eg. a fret. This, of course, often poorer specimens are placed ahead of good birds simply because of the presence of a minor fret, or piece of dirt, etc. I believe that any fault should be considered but that the object of the exercise for any judge is to judge the bird overall and not to try to be clever to discover minor blemishes" Dis hiedie opmerking wat ek ten volle ondersteun want by baie skoue het ek al gesien hoe swak duiwe, pryse wen

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

terwyl goeie duiwe uitgegooi is deur onverantwoordelike beoordeling waar duiwe gepenaliseer word oor minderwaardige foute.

Die oë tel volgens die standaard ses punte, dus drie punte vir elke oog. By die drie punte is die oogring, wat fyn moet wees ook ingesluit. Vir 'n gebreekte oog kan jy dus hoogstens een punt aftrek en vir 'n donkeroog (bull eye) twee punte. Kyk ons na die genetika van die duif weet die ervare teler en beoordelaar dat die wit kleurfaktor die oorsaak van 'n gebreekte oog of donker oog is. Dit is hoekom 'n wit Kropper 'n donker oog sal hê. Hierdie fout kan mos nooit die duif so penaliseer dat hy summier uit die loophok verwyder word nie. 'n Beoordelaar het vir my op 'n keer gesê dat enige gebrek aan 'n duif as 'n diskwalifikasie beskou moet word. Dit is waar en ek stry nie daarteen nie maar 'n gebreekte oog is nie 'n gebrek nie. Sou hy sonder 'n oog gebore word is dit 'n gebrek.

Sommige duiwe het 'n paar wit veertjies bokant die bek bekend as 'n bles en dadelik word die duif uit die loophok geneem. Warren Klopper het jare gelede tydens die bespreking oor die bles al ons telers daarop gewys dat die standaard nêrens verwys na die bles nie. Die standaard meld "Body clean cut". Ek haal spesifiek die oorspronklike standaard aan. Die "clean cut" waarvan hier gepraat word is op die "body" onder die lyf,waar die wit en die kleur by die krop gelyk moet wees. Dit sluit dus 'n skoon bobeen in, vry van gekleurde vere. Die "Body clean cut" tel slegs twee punte terwyl daar nêrens gepraat word van 'n bles of meer spesifiek van enige punte wat vir 'n bles afgetrek moet word nie. Oorsee trek hulle nie eers altyd gekleurde vere op die bobene uit tydens skoue nie. My beste teel en skoumannetjie ooit, het met 'n blessie geskou en was in 1980 tydens die SA's aangewys as die Beste Kropper. Tydens die Transvaal Streekskou was hy aangewys as Beste Duif op skou. Die Reserwe tydens die SA's was 'n feitlik perfek gemerkte Kropper van Manie Fourie.

'n Ervare teler en beoordelaar soos Manie Fourie sou dus dadelik beswaar aangeteken het as die bles so 'n groot fout was. Hierdie Bles mannetjie se seuns was in elke hok in SA gebruik en ek weet van slegs twee kleinkinders wat blessie gehad het. Een van die ingevoerde kropper wyfies vanaf Alex Blair in Skotland, wat later by Neels le Roux was het 'n groot bles gehad. Nog 'n klein fout wat soms heeltemal oor beklemtoon word deur veral beoodelaars is die wit "roos" op elkevlerk. Die wit roos saam die wit primêre vlerkvere tel in totaal ses punte of anders gestel drie punte per vlerk. Ek kan nog presies onthou dat tydens die bespreking jare gelede, tydens 'n duiwedag by Warren Klopper, daar besluit is dat die roos op die vlerk slegs een punt tel en die primere wit vlerk vere belangriker is en twee punte moet tel, dus drie punte per vlerk.

Dieselfde Warren Klopper beoordeel my swart mannetjie (Vakansie) tydens die SA's in 1983 op Heilbron en later word my duif aangewys as Beste Duif op die grootste SA's tot op daardie stadium. Dit volg nadat Manie Fourie, Sarel Viljoen, Neels le Roux en Hannes Homan dieselfde duif tydens Transvaal Jongduifskou asook Transvaal Streekskou aangewys het as Beste Duif op skou. Tydens die SA's is die hoofbeoordelaars saam Warren Klopper, Alex Ravenscroft en Ann Ricketts gewees. Hoekom brei ek so uit oor "Vakansie' (dit is die naam wat hy gekry het omdat hy vir ons as gesin 'n vakansie aan die Suidkus gewen het as Beste Duif tydens Transvaal Jongduifskou.) Ek doen dit om vir u te wys dat Vakansie MET SLEGS EEN WIT VEER op elke vlerk al hierdie pryse gewen het.

Ten opsigte van die wit primere vlerkvere was die besluit daardie tyd dat die wit vlerkvere verkieslik beide kante dieselfde hoeveelheid moet wees. In die boek "Pigeons" skryf Matthew M. Friends bl 71 dat die wit vere tussen sewe en twaalf (7 en 12) moet wees. Dit was ook jare gelede reeds aanvaar as 'n riglyn maar daar is ook pertinent genoem dat primere vere net die laaste tien is. In Nederland


Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

verkies hulle tussen 7 en 10 wit primêre vlerkvere. Die grootste besprekingspunt eendag by ‘n duiwedag was die aksie van die Norwich Kropper. Slegs 4 punte word volgens die standaard aan “Aksie” toegeken. Dit terwyl aksie so ‘n belangrike eienskap is en soveel ander fasette van die duif beinvloed. Een van die belangrikste eienskappe van die Kropper word hier bespreek naamlik die oog wat loodreg bokant die bal van die voet moet wees. Die duif se totale balans hang af van hierdie verhouding tussen oog en bal van die voet. ‘n Fout by hierdie loodregte lyn dui op ‘n genetiese fout van die duif. Skuif die oog agter die bal van die voet is die duif nie in balans nie en sal hy op sy stert begin sit. Skuif die oog voor die bal van die voet is die duif weer uit balans want die bene sit dan te ver agter in die lyf. Verkeerde beenplasing verhinder ook die duif om ‘n gemaklike regop houding te handhaaf en is ook ‘n belemmernis tot “free, showy, merry and graceful”. Aksie tel dus net vier punte maar speel ‘n belangrike rol in die totaliteit van die duif en ons beoordeel die duif in sy totaliteit. Dit is miskien die rede hoekom die Amerikaners vir aksie so ‘n groot aantal punte gee. Aksie word later weer aangehaal.

Die stert tel volgens die standaard vier punte maar as baie telers hulle sin kry sou die standaard vir die stert net twee punte getel het. Behalwe dat spesifieke kleure genoem word, (2 punte) is die belangrikste punt dat die stert vry van die grond moet wees (2 punte). Ek sê weer dat ons die duif in sy geheel moet beoordeel en al tel die stert selfs net een punt is dit ‘n indikasie dat daar met die bene en dus balans, ‘n probleem is. Beenplasing is dalk nie reg nie, of die bene is te kort, of die stert is te lank, of die duif self is te lank. Kyk dus na al hierdie eienskappe wanneer jy ‘n duif kry waarvan die stert op die grond druk. Die besluit wat deur die Ringkoppe jare gelede geneem was, was om die stert se vier punte te behou maar nie roekeloos te raak as die stert soms die grond raak nie. Met die besluit, wat eenparig geneem was, was die telers almal tevrede.

Die vlerke van die Norwich Kropper het ook baie bespreking in die verlede uitgelok. Baie telers praat van ‘n smal vlerk terwyl die standaard nie praat van ‘n smal vlerk nie. Wat bedoel ons as ons praat van ‘n smal vlerk? Moet die arm van die vlerk kort en smal wees? Moet die voorarm van die vlerk kort en smal wees? Die enigste mate wat hier ter sprake is, is die punt van die vlerk wat ongeveer 19mm (2cm) van die punt van die stert- moet wees. Hier stem ek saam met Manie Fourie wat die stelling gemaak het dat hy in sy lewe nog nooit daardie verskil gemeet het nie. Weer is dit belangrik dat ons die duif in sy geheel beoordeel en is, geneties die anatomie van die duif belangrik. Sonder kennis van die anatomie van die duif gaan U sukkel. Meet die voorarm van die duif met U wys vinger en as die duif se voorarm 5cm of minder is is daar nie ‘n manier dat dat die vlerk te diep is nie. Die diepte kan egter groter “lyk” omdat die duif dalk baie gevlieg het en nou weens afrigting vir ‘n lang tydperk in ‘n skouhok moet staan. Dit veroorsaak dat vlerkspiere dalk verswak het.

‘n Goeie beoordelaar sal dadelik weet of die vlerk smal genoeg is. Met verwysing na die stert, moet die beoordelaar bepaal of dit wel die stert is wat te lank is of die vlerk wat te kort is. Die wat Manie Fourie geken het sal verstaan dat hy die punt beskryf het as vlooie vang. Wat vir my belangrik is en wat minstens vier punte werd is, is dat die vlerke hoog gedra word by die skouers en die bobeen en die onderkant van die lyf duidelik sigbaar moet wees. Geneties is dit ‘n bewys dat die duif nie ‘n bolrug het nie maar wel “a pronounced hollowness”. Kyk weer na die punt wat so min tel oor die loodregtelyn tussen oog en bal van voet en u sal verstaan hoekom ‘n hol rug so belangrik is. Geneties is ’n holrug die mees gebalenseerde duif. Bolrug duiwe sukkel om die loodregtelyn te handhaaf. ‘n Probleem waarna beoordelaars baie meer moet oplet is juis by die liggaam (body) van die duif. Hier staan duidelik dat die borsbeen reguit en NIE PROMINENT moet wees nie met “very little keel.” Klem moet val op hierdie laaste gedeelte want ek het al duiwe hanteer waarvan die borsbeen so skerp


**MODENESERKLUB VAN S.A.**

**President: Jan Lombard - 083 274 1014**

**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**



**DIE PERFEKTE RAS:**

**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? The perfect bird!**

Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

soos 'n mes is. Die telers van sulke duiwe spog dan met hul smal, dun duiwe terwyl dit bloot wanvoeding is.

As ek ooit 'n diskwalifikasie aan die standaard sou bring sou dit wees om hierdie wangevoede duiwe te diskwalifiseer. Ek het geen respek vir telers wat op hierdie wyse probeer om beoordelaars te beindruk met hul smal fyn duiwe nie. Ongelukkig word soveel beoordelaars gevang met hierdie wangevoede duiwe. Wat was ringkoppe se siening oor hierdie skerp borsbene? Geen siening gehad nie want jare gelede het ons nie telers gehad wat hulle skuldig gemaak het aan hierdie laakbare wanvoeding nie. Telers het met groot liefde en groot verantwoordelikheid na hulle duiwe omgesien. Ek doen dus 'n beroep op elke beoordelaar en teler om daardie fyn smal kropper te hanteer en homself te vergewis van die toestand waarin die duif verkeer.


Terwyl ons praat oor 'n smal duif wat so oorbeklemtoon word, wil ek ook vra soos Alex Ravenscroft, waar in die standaard staan dat die Kropper die verskriklike smal en fyn lyf moet hê. Die enigste waar die standaard praat van fyn "fine" is op die agterste deel van die rug (rump) waar hy aansluit by die stert. By implikasie is die voorste deel van die lyf glad nie smal nie. Lees die standaard noukeurig deur. "Body to be widest at the shoulders tapering AS SUDDENLY AND EVENLY as possible to the vent". By implikasie staan hier dat die skouers "breed" is en dan so vining moontlik moet vernou na die "vent". Ek haal die laaste paar sinne aan omdat dit die vraag is wat Warren Klopper baie keer gevra het.

Die enigste land waarvan ek kon lees van 'n smal lyf was dit net die Nederlanders wat gepraat het van smal duiwe alhoewel dit ook nie in hulle standaard staan nie. Lesers moet nou nie dink dat ek dik, growwe duiwe goed praat nie. Inteendeel soek ek ook altyd die kleiner, fyner duif met die groot krop omdat dit vir my esteties die meeste bevredig. Wanneer twee duiwe in alle opsigte presies dieselfde is sal ek altyd die fyner duif voor plaas.

Ek sluit hierdie hoofstuk by die kop en bek wat elkeen twee punte tel. Belangrik om te kyk vir die teler en beoordelaar is of die bek skeef is en of die onderbek nie dalk onderontwikkel is nie. Soms is die onderbek wit veral as die wit van die krop tot teen die bek is. Dit is nie 'n diskwalifikasie nie en die duif kan maksimum 1 punt verloor. Ook by die stert is dit belangrik om seker te maak dat die stert reguit is. Die Reuse Engelse Pouter is gebruik deur sommige telers om die bene van die Norwich Kropper langer te teel. Reuse Engelse Pouters het die fout om baie kleintjies te teel met skewe sterte en dit is oorgedra na die Norwich Kropper. Ook kry ons soms (baie min) string halt by Kroppers. Waar dit vandaan kom weet ons nie maar dis 'n ernstige probleem. Jare gelede het telers van Norwich Kroppers beweer dat die probleem van die Dwerg (pigmy) Pouter kom.

Van die Brunner kom die probleem van kruisvlerkpunte asook stertpunte wat baie hoër as die stert is en eintlik in die lug wys. Toe ek in Europa was, was die vlerkpunte in die lug duidelik sigbaar want dit is veral die Brunner wat gebruik word in 'n kruisteel program om verskillende kleure te teel.

**Bylaag 7;** Die Norwich Cropper Club of America was ook gestig in die sestigs waar 'n klomp telers besluit het om tussen al die verskillende Blaasduifklubs een spesialiteitklub te stig wat net die Norwich Kroppers sou huisves. Aan die begin het hulle oor 'n aantal maande verskeie byeenkomste gereël waar hulle die raamwerk geskep het vir die nuwe klub. So is die eerste bestuur gekies met Tom Babb van Pacoima, Calf. as eerste President, met Sharon Holmberg as eerste Vise-President. Die baie bekende Fred Maenpa was die eerste Sekretaris/Tesourier. Na die Bestuur saamgestel is het hulle begin om 'n Konstitusie op te stel met verskillende regulasies. Verder het hulle begin werk aan 'n opdatering van die ou Norwich Kropper standaard. Die Sekretaris moes 'n afskrif van die

**Corrie Oosthuizen**
**Breeder of True Performing**
**Birmingham Rollers**

**Contact Details:**
**9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein**
**Cell: 076 889 4199**
**e-mail: corrie.g2018@gmail.com**



Januarie 2021


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

ou standaard aan elke klublid stuur waarna elke klublid op, of aanmerkings kon maak. Tydens 'n byeenkoms het die teenwoordiges na 'n lang bespreking 'n Konsep Standaard opgestel en na 'n stemming is 'n nuwe standaard eenparig aanvaar.

Een van die klub se doelwitte was om die Norwich Kropper as een van die toonaangewendste sierduifrasse in Amerika te maak. Ook het hulle 'n onderlinge ooreenkoms aangegaan om mekaar te help om in hul doelwit te slaag. Duiwe is dus onder mekaar geleen, geruil, gekoop, om die standaard te verbeter. Klublede moes eers medeklublede help met goeie duiwe voordat dit aan nie-klublede verkoop is. In Suid Afrika was dieselfde besluit ook by ons geneem. Die standaard en getalle het op al die skoue verbeter. Telers het gewerk aan 'n goeie Norwich waarvan daar 300 duiwe op groot skoue moes wees. Die "Pageant of Pigeons" katalogus wys dat daar in 1966 slegs 50 Norwich Kroppers vertoon is. In 1967 was daar 68 duiwe en in 1968 was die getal 116. Nooit was dit weer onder 100 ingeskrewe Kroppers nie.


In Amerika en Kanada was die NCCA een van die vinnigste groeiende klubs. Hulle is van mening dat 'n klub daar is om eerstens die lede te help met goeie teel material en op die wyse het telers die standaard drasties verhoog. Ook was dit van telers verwag om soveel skoue moontlik by te woon en mekaar te ondersteun om by skoue uit te kom. Deur die jaar is daar ook geselligheде aangebied wat deur baie telers bygewoon is en het telers ook gereeld 'n Nuusbrief ontvang met inligting van hul eie telers en skoue asook inligting van oorsese telers en klubs. In een van hierdie Nuusbriewe het wyle Warren Klopper vir hulle ons standaard gestuur en het die volgende in hul nuusbrief verskyn.

Hulle lê dus baie minder klem op bene maar baie meer klem op kleur en veral aksie.

| **Scale of points** | **America** | **South Africa** |
|---|---|---|
| Head | 2 | 2 |
| Beak | 2 | 2 |
| Eye | 4 | 6 |
| Crop | 25 | 25 |
| Body | 10 | 12 |
| Wings | 4 | 4 |
| Tail | 4 | 4 |
| Limbs | 8 | 14 |
| Action | 10 | 4 |
| Body Feathers | 4 | 4 |
| Colour | 10 | 6 |
| Markings | 17 | 17 |

**Bylaag 8:** Die Duitsers het goeie Kroppers veral in verskillende kleure. Hul voorsitter Hans Tigges is 'n dinamiese persoon. Hy spesialiseer in Blouband Kroppers en Blouband Brunners. Enige teler wat hierdie kleure wil verbeter kan gerus met hom in verbinding tree. Die laaste keer wat ek by hom gekuier het, het ek gesien dat hy besig is om Khaki Kroppers en Khaki Brunners te teel. Hierdie poging van hom was nog in die begin stadium. Soos die meeste Kroppertelers wat ek daar ontmoet het, glo hulle daaraan om met slegs een of twee rasse te teel. Jy sal bitter min telers vind wat met vier of vyf rasse teel. Is dit nie maar 'n ernstige probleem van telers in SA nie. Geen teler kan sy tyd, sy aandag, en sy geld aan soveel rasse spandeer nie. Dit is net onmoontlik!!!!! Vra vir enige ervare beesteler of hy met Friese, Simmentalers, Angusse en Afrikaner beeste gelyk kan teel en met almal kan skou.

Die verhaal van die Norwich Kröpfer in Duitsland is nogal interessant en die volgende het ek vrylik laat vertaal deur ons vriende in Duitsland, uit hul 75 jarige Jaarboek. Dit was geskryf deur R. Klinger. In 1926 het die groot duiwekenner, teler en beoordelaar Heinz A. Pfeiffer (Berlyn) die telers van die Amsterdamse Ballonkröpfer in Berlyn gestig. In 1934 is die paar telers van die Norwich Pouter Kropper by die klub van die "Amsterdam se Ballon pouters "aangesluit in opdrag van die rasegte pluimvee organisasie. In die dertigers was daar telers soos Saurbier, Messerschmidt, Von Ramerden, dr Friedman en Büsing, wat die Norwich Kröpfer al


**Gerhard van Aswegen**

**Teel met Norwich Cropper, Brunner, Working Homer, Oriental Roller, Holle Cropper, American Showracer, Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**E-mail: gjtlofts7@gmail.com**
Januarie 2021


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

hoe meer in die openbaar gewys het. In 1938 was daar 16 lede. Om politieke redes ere lede Henry E. Ray en Heinz Pfeiffer aan die einde van die dertiger jare uit alle verenigings geskors. Die voorsitter van die klub was toe Josef Geppert (Berlyn). In 1938 sluit Erich Büsing by die vereniging aan. Gedurende die tweede wêreldoorlog het die voorsitter Joseg Geppert Berlyn verlaat en sy ligging is onbekend. Tydens die tweede Wêreldoorlog was daar ook skoue bv. 1940 Duifskou in Berlyn, daar is nou 9 Kroppers vertoon.

In 1942 16 Kroppers in Berlyn- WeiBensee. Die uitstaller was Peter Saurbier. Hy het die hoogste graad vier keer "uitstekend" ontvang. Na die einde van die tweede Wêreldoorlog, met die weggaan van die voorsitter Josef Geppert, kon Peter Saurbier die klub veilig stel. Ons is baie aan Erich Büsing (Taucha) verskuldig dat die klub wel voortgegaan het. Sonder dat daar gestem word neem hy die Voorsitterskap van die spesiale "Amsterdamse Ballon und Norwich Kröpfer" oor. Van nouaf het dit steeds opdraend gegaan. In 1949 was daar weer 28 lede. Hiervan het 13 Norwich Kroppers aangehou en 13 Amsterdamse Pouters terwyl 2 telers albei rasse geteel het. Lede op die komitee was Voorsitter en Besturende Direkteur, Erich Büsing (Taucha), Adjunk en kassier Peter Saurbier (Berlyn), Kommersiële Bestuurder Max Hohage (Rem), Teelbewaarder vir Amsterdam Georg Graf (RAIN), teelwagter vir Norwich Max Hohage (Rem).

Aan die einde van die veertigerjare het Graf en Schonkna die Amsterdamse telers in die weste en Büsing na die telers in die Ooste omgesien. By die Norwich Kröpfers was dit Max Hohage in die weste en Erich Büsing in die Ooste. Van toe af was daar meer Norwich Kröpfers telers. In 1953 is drie groepe gestig. In Wes Duitsland het Max Hohage die Norwich Kröpfertelers oorgeneem. Die Amsterdamse Telers het hul eie gang geloop. Erich Büsing het voorsitter in die DDR gebly. 'n Spesiale vereniging is in Wes Duitsland gestig. In die Ooste het albei rasse verenig gebly. In 1959 is die Vereniging van Toekennings tuiniers, Setlaars en Kleinvee telers (VKSK) gestig. Die Huidige Voorsitter is Hans Tigges wat die klub die laaste paar jare baie laat groei het. Thomas Voss is dié man wat baie aan die kleur gewerk het en tans uitstekende Andulusions teel. Hy het ook talle Artikels gepubliseer oor Norwich Kroppers in verskeie Europese en Amerikaanse publikasies asook 'n baie goeie boekie oor die genetiese belang by kleurteling in Duits en in Nederlands.

**Brokkie Kosbare inligting:** Gedurende die agtientagtigs was dit 'n groot problem om te bepaal of die duif 'n jongduif was of 'n ou duif. Skelm telers het jaar na jaar dieselfde duif as 'n jaaroud duif ingeskryf by skoue. Groot vergaderings tussen baie klubs is gehou om die probleem aan te spreek. Daar is toe 'n voorstel aanvaar dat duiwe stempels sal kry om aan te toon dat hulle ou duiwe was. Blykbaar het die stelsel nie die gewenste uitwerking gehadnie en in 1886 is die voorstel aanvaar dat, net soos die Belgiese vliegduiwe, sierduiwe ook ringe moes dra wat wys in watter jaar die duiwe gebore is. Drie groottes ringe is toe gemaak en alhoewel telers van veerpootduiwe ongelukkig was, is daar in 1886 besluit op ringe vir alle duiwe wat geskou word. Die vader en voorsteller van die gebruik van ringe was die Duitser Stephan Salter.

***Elke dag wat oor ons breek bied nuwe geleenthede vir diens, liefde en vergifnis.***






**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**

**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020


***Nie altyd kry die mens sy sin nie. Dit is 'n Lewenswet. As jy nie het wat jy bemin nie, bemin dan wat jy het.***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



VERSLAG: SPONSDUIF PRESTIGESKOU 15 JANUARIE 2022

Ds Hennie Hattingh

Uiteindelik, na 2021 se kansellering, kon die gebruiklike jaarlikse Sponsduifklub se prestigeskou weer vanjaar gehou word. Bydraend tot die opgewondenheid was die gebruik van  Noord-Vrystaat se eie duiwesaal waar vir die eerste keer, nadat alles in plek gekry is, 'n skou aangebied kon word. Die saal is geleë op die terrein van die A.P. Kerk in Kroonstad.

Daar was 39 Sponsduiwe op die skou deur 5 vertoners vertoon:  5 Carriers en 34 Dragoons.

Die belangrikste uitslae is:

Dragoon:
Beste Ou Mannetjie: Nico van Rensburg
Beste Ou Wyfie: Nico van Rensburg
Beste Jong Mannetjie: Nico van Rensburg
Beste Jong Wyfie: Hennie Hattingh
Die Beste Dragoon en ook beste Sponsduif op skou was die jong swart mannetjie van Nico van Rensburg.

Carriers:
Beste Carrier op skou is vertoon deur Johan en Erika de Kok.

Die Sponsduifklub se jaarvergadering is ook gehou met 7 lede teenwoordig. Die bestuur vir die volgende termyn het ook 'n gedaanteverwisseling ondergaan en sien soos volg daar uit:

President: Bertie Wessels
Vise-President: Nico van Rensburg
Sekretaris: Hennie Hattingh
Tesourier: Bertie Wessels
Trofee – Meester: Johan en Erika de Kok
Addisionele Lid: Attie van Aswegen.

Saam met die Sponsduiwe is daar ook 8 American Showracers deur twee vertoners vertoon. Die beste American Showracer op die skou is vertoon deur PB Marais.

Die volgende SA Sponsduifklub se Prestigeskou word beplan vir  die 3de Saterdag in Januarie 2023 op dieselfde terrein.





National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Portuguese Tumbler Nuus*

***Shaun Smeda***

So onder die dekmantels is daar ‘n groepie manne wat hard besig is om een van die kleinste duif rasse op die “map” te sit.

Die afgelope jaar is daar hard gewerk om die Portugese Tuimelaars se standaard te verbeter en te versprei onder mede lede. Die “Porra” manne het dit goed gedink om ‘n aanlyn skou the hou, om so bietjie te spog met die ras en te sien hoe hul vorder.

Baie duiwe was al reeds in verveer stadium so sal die jaar op skou eers te sien wees, en dan natuurlik het ons ook n unieke inskrywing van Chris De Bruyn gekty wat bietjie moeilik was om te beoordeel…..

Onder leiding van Leenderd Snyman het al die manne die geleentheid gekry om hul 3 beste duifies af te neem en te stuur vir beoordeling. Christo Munnik was so gaaf om die duiwe te beoordeel en ek deel graag die uitslae met julle

Beste Ou duif: Jaco Bester
3de plek Jong Duif: Chris de Bruyn
2de plek Jong Duif: Jaco Bester
1ste plek Jong Duif: Leenderd Snyman

Dankie aan Awie Esterhuizen, Shaun Smeda, Liam Werth (junior) en John Gerber wat ook ingekryf het.

Ons wil ook alle sterkte toe wens aan Pieter Quinn se familie na sy skielike afsterwe vroeër in die maand. Pieter was ook ‘n groot liefhebber van die wonderlike ras en los ‘n groot leemte in die duiwe wêreld.

Indien enige iemand belangstel om meer te weet van Portuguese Tuimelaars maak gerus kontak met ons

Duiwe Groete



***Dit duur nogal lank voordat mens ontdek, dat jy maar net soos elke ander mens is.***

***Die kortste draai is omdraai so kort dat dit soms te swaar is***

***Die verlore geleenthede waaroor die meeste mense berou sal hê is die geleenthede wat hulle gehad het om lief te hê***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Can Birds Take CBD Oil?*

***Taken from The Pigeon***

***Submitted by Simon Jordaan***

CBD oil has taken the supplement world by storm in recent years and the host of benefits it is claimed to deliver to humans are also applicable to birds.



If you supplement a bird's diet with CBD oil you can hope for benefits including:

- Protection against and reduced inflammation
- Fortified immunity system
- Reduced stress
- Support for a healthier lifestyle in older birds

### Birds & CBD Oil

CBD works by acting on cannabinoid receptors in the body's cells. CBD can alter neurotransmitter release in the brain, so scientifically speaking, any creature with an endocannabinoid system can be affected by CBD and therefore receive the benefits. An advantage of CBD is that there are (as yet) minimal side effects for birds which means that it can be used as any other kind of supplement that you might include in your pigeon's diet.

Of course, just because it is safe in general, it doesn't mean that every bird actually needs CBD oil, so it is always best to consult with a vet before you start your bird on a course of the treatment. Each bird will respond differently to CBD, but you can be assured that administering CBD oil isn't going to cause any detrimental effects.

### How Can Birds Take CBD Oil?

It is important to make sure that you get the dosage right when giving your bird a course of CBD oil. Again, the amount that a bird needs will vary greatly depending on factors like the size of the bird and the problems that it is having. You can add hemp seeds directly to your regular bird food as they are easily digestible.



### Add a small amount to the mix.

If you are going to administer CBD via an oil, most recommend a single drop, twice a day for every 500g of the bird's weight. The CBD oil can be dropped directly into the bird's mouth if they are amenable, or if you prefer to drop the oil in the bird's drinking water then that is also an accepted and appropriate method. There are sprays that are designed to be taken orally too which some owners have tried using in their bird feeders but it is very hit and miss as to whether your pigeons will take to the taste.

Your pigeons may not enjoy the flavor of the carrier oil. CBD oil products also tend to be rich in omega-3, so take care not to overdose if, for example, you are already giving your pigeon cod liver oil and then add CBD to their diet. Choosing to administer CBD to your pigeons is a personal preference and down to whether you choose to believe the hype and the claims about its benefits. In time, science will either prove or disprove them. Many pigeon fanciers are happy with the results – particularly for racing pigeons . Use at own risk.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R250 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Freestate: | 2539 |

**Manie Fourie Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 1907 |
| 2. | Northern Cape: | 1550 |
| 3. | Eastern Region: | 1050 |
| 4. | Eastern Province: | 750 |
| 5. | KwaZulu-Natal: | 700 |
| 6. | Western Transvaal: | 696 |
| 7. | SW Districts: | 631 |
| 8. | Western Cape: | 200 |
| 9. | Freestate | 50 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.**

**Bertie Wessels Trophy**

**1.**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229